Hugenote Hoërskool

COVID-19 BELEID

N – Hantering van die kurrikulum

Tak: Inrigtingsontwikkeling en koördinering	N – WKOD-riglyn: Hantering van die kurrikulum	
N – WKOD-riglyn	Uitgereik: 27 Mei 2020	Hersiening soos en wanneer benodig word

Goedgekeur deur die Hoof van die Departement:

BK Schreuder
Datum: 2020-05-27

N – HANTERING VAN DIE KURRIKULUM

1. Doel

Die doel van hierdie riglyn is om kurrikulum- en assesseringsleiding te gee oor hoe om met die aangepaste kurrikulum vir graad 7 en 12 te werk.

2. Ondersteuning deur die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) tydens die inperkingstydperk

2.1 Alhoewel die aanvanklike doel van die ondersteuning aan die begin van die inperking was om leermateriaal te verskaf wat leerders kan help om aan te hou leer, het dit vinnig verander in 'n onderwyser-en-leerderonderneming.

2.2 Die doel was om onderrig en leer in elke vak en elke graad te ondersteun, gebaseer op die onderrig- en assesseringsplanne wat aan onderwysers aan die begin van die 2020-skooljaar uitgereik is.

2.3 Die ondersteuningsinisiatiewe is ontwikkel om Algemene Onderwys en Opleiding (AOO) en Verder Onderwys en Opleiding (VOO) se kurrikulumlewering mootlik te maak en dit is versterk deur 'n professionele onderwyserontwikkelingsdimensie wat gefokus het op:

- hulp aan onderwysers met afstandsonderrig; en
- hulp aan leerders om óf met hulp van ander mense tuis te leer (meestal laerskoolgrade), óf selfgerig te leer (meestal hoërskoolgrade).

2.4 **Bylae A** som die ondersteuning wat aangebied is en steeds beskikbaar is op. Onderwysers word aangeraai om toegang te kry tot die webwerfadresse wat aangehaal word vir toegang tot 'n groot getal kurrikulummateriaal en professionele onderwyserontwikkelingsaanbiedinge.

2.5 'n Reeks radio- en televisielesse wat geïntegreer kan word is ook beskikbaar ter ondersteuning van onderrig en leer. Amptenare en onderwysers van die WKOD dra gereeld tot hierdie produksies by.

3. Die terugkeer van graad 7- en 12-leerders

3.1 Gedurende Kwartaal 1 van die 2020-skooljaar het onderrig en skoolgebaseerde assesserings (SGA) plaasgevind volgens die leiding wat in die onderrig- en assesseringsplanne gegee is (https://wcedeportal.co.za/eresource/88496).

3.2 Nadat bykans agt skoolweke verlore gegaan het as gevolg van die inperking, moes die Departement van Basiese Onderwys (DBO) die kurrikulum- en SBAvereistes aanpas om by die hersiene skoolkalender vir graad R tot 11 aan te pas. Die graad 12-kurrikulum het onveranderd gebly.

3.3 Die KABV-kurrikulum is verminder na beheerbare kerninhoud (kyk **Bylae B**) en dit sluit die vaardighede, kennis, ingesteldhede en waardes per vak per graad in sodat:

3.3.1. dit wat onderrig moet word en dit wat geassesseer moet word duidelik gemaak is en in ooreenstemming is met die hersiene skoolkalender;

3.3.2. deeglike beplanning gedoen is en doeltreffende onderrigstrategieë gebruik is om te verseker dat diep en betekenisvolle leer plaasvind;

3.3.3. die vakleerbaan vir leerders gehandhaaf word, sonder om hulle oorgang tussen grade te kompromitteer; en,

3.3.4. leerders en onderwysers nie onder onnodige druk geplaas word om te poog om die volledige kurrikulum te voltooi nie, maar belangrike leer kan baasraak in die oorblywende beskikbare tyd.

3.4 SGA's sal ook aangepas word. Die DBO sal duidelikheid gee oor die getal SGA-take wat vereis sal word. Die gebruik van ander assesseringsvorms word aangemoedig en die klem sal eerder op assessering VIR leer (formatiewe) as op VAN leer (summatiewe) val.

3.5 Die hersiene leer- en assesseringsvereistes sal aan alle skole gebied word via geskrewe en aanlyn kommunikasie vir elke vak soos die verskillende grade infaseer word. Die veranderings word verduidelik in 'n PowerPoint-aanbieding, wat na onderwysers deurgestuur sal word.

3.6 Daar sal geen Junie-eksamens wees nie. Die graad 12-proefeksamen behoort egter soos in die verlede afgelê te word, met vraestelle wat deur onderwysers op skoolvlak opgestel en gemodereer word.

4. Nuwe maniere van onderrig, assessering en leer

4.1 Sterk onderrigsleierskap deur die skoolbestuurspan (SBS) word verlang om toe te sien dat daar doeltreffende beplanning en voorbereiding is vir die nuwe manier van onderrig, assessering en leer. Die volgende oorwegings is van belang:

4.1.1 Hoe om te verseker dat daar voldoen word aan die sosiale afstandsvereistes (kyk **Bylae C**) waar onderrig of assessering plaasvind.

4.1.2 Hoe om onderrig en SGA's oor die aangepaste kurrikulum nou so goed as moontlik te beplan vir leerders by die skool asook leerders tuis.

4.1.3 Hoe om WKOD-kurrikulumondersteuning (wat op die WKOD se e-Portaal en deur vakadviseurs voorsien word) te gebruik om beplanning en onderrig te verbeter.

4.1.4 Watter onderrigmetodes (behalwe persoonlike onderrig by die skool) word benodig om aan die leerbehoeftes van alle leerders te voldoen, bv. gedrukte materiaal, WhatsApp-platforms en digitale platforms.

4.1.5 Hoe om te verseker dat alle leerders optimale toegang het tot die leermetodes wat gebruik word.

4.1.6 Of leerders assesseringstake by die skool en tuis kan voltooi en of dit die leerder help om die verband tussen wat hulle geleer het en die wêreld daarbuite te sien.

4.1.7 Of elke leerder hulle eie vakhandboek en/of werkboeke het (dit is 'n noodsaaklike vereiste).

4.1.8 Watter professionele onderwyserontwikkelingsgeleenthede beskikbaar is ter ondersteuning van onderwysers in hulle doeltreffende hantering van die nuwe onderrigwerklikhede.

4.1.9 Hoe ons saam met ander skole kan werk of saam ons hulpbronne kan deel.

4.2 Ter ondersteuning van die beplanningsprosesse op skoolvlak, het ons op een bladsy die belangrikste aspekte vasgelê wat onderwysers nodig het om te oorweeg wanneer hulle terugkeer. Dit is 'n eenvoudige poging om die terugkeer van onderwysers in konteks te plaas, maar ook 'n "dinkgids" wat belangrike pedagogiese vrae opper waaroor gedink moet word wanneer onderwysers begin met beplanning (kyk **Bylae D**). Ons kom voor 'n veranderde opvoedkundige arena te staan en dit sal nuwe denk- en doenwyses verg.

5. Belangrike inligting waarvan graad 7-onderwysers kennis moet dra

5.1 As skole nie Kwartaal 1 se SGA's voltooi het nie, moet dit afgehandel word en op SOBIS aangeteken word.

5.2 Besonderhede oor die planne vir die moderering van SGA's, minipraktiese assesseringstake (PAT's) en praktiese eksamens sal verskaf word. Prinsipale moet egter toesien dat die pre- en postmoderering van alle SGA's uitgevoer word.

5.3 Lesse vir Kwartale 3 en 4 sal beskikbaar gestel word en sal in Engels, Afrikaans en Xhosa ontwikkel word.

5.4 'n AOO-hulpbronpakket vir onderwys- en kurrikulumontwikkeling – Graad 9 sal ook beskikbaar wees om leerders te help. Dit sal video's en aktiwiteite in alle vakke in Engels, Afrikaans en Xhosa insluit.

6. Belangrike inligting waarvan graad 12-onderwysers kennis moet dra

6.1 Alhoewel die graad 12-kurrikulum nie gesnoei is nie, is sekere toegewings en veranderings aan SGA's gemaak. Die veranderings aan vereistes vir mondelinge en praktiese eksamens is per vak in besonderhede uiteengesit.

6.2 Lesse wat op die aangepaste kurrikulum gebaseer is, sal vir Kwartaal 3 en 4 in Engels en Afrikaans ontwikkel word. Weeklikse lesse vir Kwartaal 2 is op die WKOD se e-Portaal beskikbaar.

6.3 As skole nie Kwartaal 1 se SGA's voltooi het nie, moet dit afgehandel word en op SOBIS teen 15 Junie 2020 aangeteken word.

6.4 Besonderhede oor die planne vir die moderering van SGA's, PAT's en mondelinge eksamens sal verskaf word. Prinsipale moet egter toesien dat die pre- en postmoderering van alle SGA's uitgevoer word.

6.5 Die finale eksamenrooster sal hersien word en besonderhede daaroor oorgedra word sodra dit afgehandel is.

7. Ondersteuning en ontwikkeling van onderwysers

7.1 Toegang kan verkry word tot 'n omvattende kieslys van aanlyn kursusse wat deur die Direktorate AOO, VOO, Kaapse onderrig- en leierskapinstituut (KOLI), e-Leer en Inklusiewe Onderwys ontwikkel is, en dit kan deur onderwysers vir hulle persoonlike en professionele behoeftes gebruik word.

7.2 Hierdie kursusse dek areas wat met die kurrikulum, (Grondslag-, Intermediêre en Senior fases, asook VOO), inklusiewe onderwys, IKT-integrasie, skoolbestuur en leierskap, ens. verband hou. Verdere inligting oor hierdie professionele onderwyserontwikkelingsgeleenthede sal aan skole oorgedra word (kyk **Bylae A**).

8. Digitale hulpbronne

'n Uitgebreide reeks hulpbronne is op die WKOD se e-Portaal beskikbaar en daar is gereelde bywerkings (kyk Bylae A). Ingeslote by hierdie aanbiedings onder "Teacher Side-kick" is 'n digitale leer-noodinhoudspakket vir onderwysers (***Emergency content pack for teachers)*** om afstandsonderrig- en leerpraktyke te versterk (kyk **Bylae A**).

9. DBO se aangepaste kurrikulum

9.1 Die proses om die kurrikulum aan te pas wat op die hersiene skoolkalender gebaseer is, is afgehandel. Kyk asseblief na die volgende skakel van die DBOwebwerf waar al die toepaslike dokumente verkry kan word: https://www.education.gov.za/Home/RecoveryPlan2020.aspx.

9.2 Dit sluit die 2020 DBO-omsendbrief S2 van 23 Mei 2020 in, waarin die proses verduidelik word, asook die beginsels wat die besnoeiing en herorganisasie van die kurrikulum ondersteun het.

9.3 Die tabel hieronder bied 'n opsomming van die dokumente wat vir graad 7 en 12 gevind kan word.

9.4 Die dokumente vir ander grade, asook riglyne oor SGA's, sal later aan skole verskaf word.

	Graad	Dokument se naam
1	12	Nasionale jaarplanne vir onderrig (Inhoudsvakke)
2	12	Nasionale jaarplanne vir onderrig (Tale)
3	10–12	Nasionale faseplan vir inhoud (Inhoudsvakke)
4	10–12	Nasionale faseplan vir inhoud (Huistale)
5	10–12	Nasionale faseplan vir inhoud (Eerste Addisionele Tale)
6	10–12	Nasionale faseplan vir inhoud (Tweede Addisionele Tale)
1	7	Nasionale jaarplanne vir onderrig (Inhoudsvakke)
2	7	Nasionale jaarplanne vir onderrig (Tale)
3	7–9	Nasionale faseplan vir inhoud (Inhoudsvakke)
4	7–9	Nasionale faseplan vir inhoud (Huistale)
5	7–9	Nasionale faseplan vir inhoud (Eerste Addisionele Tale)

Bylae A

Fokus	Inisiatief	Ondersteuningsmikpunt	Webskakel
AOO	1 bladsy vir elke vak	Hersiening en leerondersteuning vir onderwysers, ouers en leerders terwyl graad R–9-werk wat in Kwartaal 1 gedoen is, gekonsolideer word	https://wcedeportal.co.za/eresource/90931
	DBO-werkboeke vir Taal en WIskunde	Hersiening en voorbereiding van werk wat in Kwartaal 2 gedoen moet word	https://www.education.gov.za/Curriculum/LearningandTeachingSupportMaterials(LTSM)/Workbooks.aspx
	Weeklikse sse	Lesse wat die kerninhoud van en vaardighede in vakke vir leerders vasvang, is ontwikkel en per e-pos en WhatsApp aan alle skole via distrikskantore versprei	Graad R–3: https://wcedeportal.co.za/eresource/92236 https://wcedeportal.co.za/eresource/93061 https://wcedeportal.co.za/node/94156 https://wcedeportal.co.za/eresource/101201 Graad 4–6: https://wcedeportal.co.za/eresource/92191 https://wcedeportal.co.za/eresource/93051 https://wcedeportal.co.za/eresource/94176 https://wcedeportal.co.za/eresource/102396 https://wcedeportal.co.za/eresource/105001 Graad 7–9: https://wcedeportal.co.za/eresource/92186 https://wcedeportal.co.za/eresource/93046 https://wcedeportal.co.za/eresource/97196 https://wcedeportal.co.za/eresource/102416 https://wcedeportal.co.za/eresource/105031
	Gehaltelees tuis	Ouerondersteuning met lees as daaglikse aktiwiteit	https://wcedeportal.co.za/partners/#103111

Fokus	Inisiatief	Ondersteuningsmikpunt	Webskakel
VOO	1 bladsy vir elke vak	Hersiening en leerondersteuning vir onderwysers, ouers en leerders terwyl graad 10–12-werk wat in Kwartaal 1 gedoen is, gekonsolideer word	https://wcedeportal.co.za/eresource/88506
	Graad 12-leer- en onderrigmateriaal	Hersiening vir matrikulante in gekose vakke	https://wcedeportal.co.za/eresource/90261
	Telematikalesse	Regstreekse telematika-uitsendings van die onderrig van gekose vakke of die gebruik van voorafopgeneemde lesse	https://schools.sun.ac.za/login/index.php
	Weeklikse lesse	Lesse wat die kerninhoud van en vaardighede in vakke vir leerders vasvang, is ontwikkel en per e-pos en WhatsApp aan alle skole via distrikskantore versprei	Graad 10–12: https://wcedeportal.co.za/eresource/92511 (W1) https://wcedeportal.co.za/eresource/93481 (W2) https://wcedeportal.co.za/eresource/94171 (W3) https://wcedeportal.co.za/eresource/99256 (W4) Graad 10: https://wcedeportal.co.za/eresource/105831 https://wcedeportal.co.za/eresource/106171 Graad 11: https://wcedeportal.co.za/eresource/99321 https://wcedeportal.co.za/eresource/106196 Graad 12: https://wcedeportal.co.za/eresource/105841 https://wcedeportal.co.za/eresource/106206

Fokus	Inisiatief	Ondersteuningsmikpunt	Webskakel
e-Leer & KOLI	Professionele onderwyserontwikkeling	Uitgebreide kieslys van professionele aanlyn ontwikkelingskursusse wat oor 'n verskeidenheid onderwerpe beskikbaar is. e-Leerriglyndokument om prinsipale en onderwysers te help met afstandsonderrig en -leer.	https://wcedeportal.co.za https://wcedctli.co.za/ https://wcedeteacher.wixsite.com/eteacher https://wcedeteacher.wixsite.com/covid19/free-courses
WKOD se e-Portaal	Ander aanlyn ondersteuningsplatforms	WKOD se e-Portaal	https://wcedeportal.co.za
		KOLI by WKOD	https://wcedctli.co.za/
		WKOD aanlyn	https://wcedonline.westerncape.gov.za/
		WKOD Moodle Site	https://wcedelearn.westerncape.gov.za/
		WKOD COVID-19-inligting	https://wcedeteacher.wixsite.com/covid19
		WKOD-kodering	https://wcedeteacher.wixsite.com/coding/what-is-coding
		WKOD-e-Onderwyser	https://wcedeteacher.wixsite.com/eteacher
		WKOD-middelpunte	https://wcedeteacher.wixsite.com/hubs
		WKOD se IKT-aanvaardingstrategie	https://wcedeteacher.wixsite.com/adoption-online

Bylae B

'n Voorbeeld van 'n hersiene onderrigplan vir Tegnologie in graad 7: (https://www.education.gov.za/Home/RecoveryPlan2020.aspx)

Week	KABVonderwerp	Inhoud, konsepte en vaardighede	Hulpbronne
Tegnologie Senior Fase: COVID-19-onderrigplan (Hersiene ATP) Graad 7 Hersiene Kwartaal 2-inhoud			
Week 1	Struktur e	• Omskrywing en doel van strukture om toe te maak, beskerm, ondersteun, oorbrug. • Klassifikasie van strukture: natuurlik en mensgemaak. • **Soorte strukture: Dop, raam, solied – leerders voltooi 'n werkblad.**	Handboeke Siyavula-werkboek Werkblaaie Gepaste hulpbronne
Week 2		• Ondersoek: 'n selfoontoring – 'n raamstruktuur. • Gevallestudie: ondersoek bestaande torings wat deur triangulering versterk is, ingeslote torings, windmeule en mynskagtorings.	Handboeke Siyavula-werkboek Gepaste hulpbronne
Week 3		• Evalueer: werkblad oor die voordele en nadele van telefoonstelsels **Landlyn teenoor selfoon. Leerders voltooi 'n tabel.**	Handboeke Siyavula-werkboek Gepaste hulpbronne
Week 4		**Aksienavorsing: om materiaal/strukture te versterk** • Praktiese aktiwiteit 1 – Versterk 'n strukturele materiaal met pypwerk – indiwiduele aktiwiteit • Praktiese aktiwiteit 2 – Versterk 'n strukturele materiaal met vouing – indiwiduele aktiwiteit • Praktiese aktiwiteit 3 – Versterk 'n raamstruktuur deur triangulering – indiwiduele aktiwiteit	Handboeke Siyavula-werkboek Werkblaaie Gepaste hulpbronne

'n Voorbeeld van 'n hersiene onderrigplan vir **Rekenaartoepassingstegnologie in graad 12**

Kwartaal 3 (37 dae)	03–14 Augustus	17 Augustus–01 September	02–23 September
KABVonderwerp	**Inligtingsbestuur en PAT**	**Inhoud met gebruik van gevallestudies**	**Proefeksamen**
Konsepte, vaardighede en waardes	Praktiese assesseringstaak: Versterk vaardighede vir inligtingsbestuur. Gebruik inligting en data wat versamel is. Verwerking en analisering.	Reproduseer en skep dokumente wat teks, grafika en data insluit. Manipuleer grafika en teks in dokumente. Gebruik geïntegreerde sagteware om dokumente vir spesifieke doeleindes te skep en ontwerp. Pas algemene beginsels van uitleg en ontwerp toe op 'n dokumentproses. Beklemtoon inligting deur tegnieke soos plasing en kleur te gebruik. Skep dokumente deur pasgemaakte template. Gebruik die media, visuele geletterdheids- en tegnologiese vaardighede om produkte te skep wat begrip uitdruk. Identifiseer algemene apparatuurkonfigurasie: Verstaan rekenaars en hulle gebruike. Maak beter koopbesluite, interpreteer advertensies en vorm menings oor gehalte en bruikbaarheid by die aankoop van toerusting en sagteware. Weet hoe om gewone rekenaarprobleme op te los en hanteer uitdagings wat te vore kom as gevolg van die gebruik van rekenaars. Weet hoe om die internet en e-pos te gebruik. Toepaslike gebruikstoepassingspakette. Maak ingeligte besluite en keuses oor wannneer kommunikasietoestelle en kommunikasiemetodes gekies word vir 'n gegewe scenario. Weet hoe om jouself teen	Kognitiewe vlakke: Laerorde – 30% Middelorde – 40% Hoërorde – 30% Praktiese vraestel (V1): 3 uur, 180 punte Teorievraestel (V2): 3 uur, 150 punte

		aanlyn gevare te beskerm. Verstaan tegnologiese konsepte, stelsels en werksaamhede en	7 vrae: V 1–2: Woordverwerking V 3 –4: Sigbladsy V 5: Databasis V 6: HTML V 7: Integrasie	10 vrae: Afdeling A: V 1–3 (25 punte) Afdeling B: V 4–8 (75 punte) Afdeling C: Geïntegreerde scenario (50 punte)

		hoe dit effektief, doeltreffend en akkuraat werk. Weet wanneer om op te gradeer, wanneer om nuwe toerusting of sagteware te koop en hoe om ingeligte besluite te maak.	
Vereiste voorafkennis	Uitbreiding en bevordering van inhoud wat in vorige kwartaal gedek is, Graad 10 en 11.	Uitbreiding en bevordering van inhoud wat in vorige kwartaal gedek is, Graad 10 en 11.	
Hulpbronne (buiten handboek) om leer te versterk	Rekenaar met gepaste sagtewaretoepassing en apparatuur. Internet. Skyfieaanbiedings. Dataprojektor. PAT-rubriek en leerderkontroleringslys.	Rekenaar met gepaste sagtewaretoepassing en apparatuur. Internet. Skyfieaanbiedings. Dataprojektor. Video's	
Informele assessering, remediëring	Google-vasvrae, Kahoot!, waarneming, kompetisies, portuurassessering, uitgebreide geleenthede/aktiwiteite, ens.	Google-vasvrae, Kahoot!, waarneming, kompetisies, portuurassessering, uitgebreide geleenthede/aktiwiteite, ens.	
SGA (formele assessering)	Praktiese assesseringstaak: Fases 1 (hersien), 2 (hersien) en 3 (finaal)		Assesseringstaak 5: Voorlopige eksamen

Bylae C - Sosiale afstand tydens onderrig en leer

1. Sosiale afstand

1.1 Sosiale afstand as 'n lewenswyse/bedryf verg betekenisvolle beperkte persoonlike interaksie met alle mense gedurende skoolure op die skoolterrein. Om dit te kan doen, moet personeel sowel as leerders onderrig word oor Covid-19, hoe dit versprei en die nodige maatreëls om die impak daarvan te verminder.

1.2 Die maatreëls wat in die klaskamer getref word, moet deel van 'n inklusiewe strategie wees om te verseker dat gesondheids- en veiligheidsrisiko's vir almal op die skoolterrein verminder word. Die WKOD-riglyne vir die werksaamhede van openbare skole tydens die Covid-19-ramptoestand verduidelik die nodige veiligheidsvereistes.

2. Planne vir 'n veilige onderrig en leeromgewing

2.1 Algemene vereistes

2.1.1 Almal wat 'n onderrigruimte betree (klaskamer, laboratorium, tegniese werksgebied, rekenaarkamer of skoolsaal) moet 'n masker dra.

2.1.2 Die getal persone wat in 'n onderrigruimte toegelaat word, moet bepaal word deur die vereiste om 1.5 m tussen mense te handhaaf.

- Leerders se lessenaars moet ten minste 1 meter van mekaar af staan – sal voorafgaande sitplekreëlings benodig.
- Lessenaars moet in rye gerangskik word, met die lessenaars wat met hulle gesigte vorentoe staan om persoonlike kontak tussen leerders te verminder.
- Laat daar slegs een leerder by elke lessenaar sit, waar moontlik, en laat daardie leerder weer toe om die volgende dag by dieselfde lessenaar te sit.
- Maak vensters en deure so veel as moontlik oop om te verseker dat daar baie vars lug in die lokaal kom.
- Dis noodsaaklik dat daar eerbiedige betrokkenheid tussen onderwyser en leerder en tussen leerders self moet wees vir produktiewe onderrig en leer om plaas te vind.
- Plaas waar moontlik 'n handreinigingsplek by die ingang van die onderrigruimte en sien toe dat elkeen wat by die klaskamer inkom of uitgaan hulle hande ontsmet.

- Gebruik die eerste vyf minute van elke dag om leerders te herinner aan hoe belangrik dit is om die "goue reëls" te beoefen sodat die verspreiding van die virus voorkom kan word.
- Reageer met die nodige sensitiwiteit op enige vrae wat leerders mag hê.

2.2 Planne vir onderrig

2.2.1 Prinsipale en SBS'e moet hulle bestuurs- en kontroleringsplan uitwerk om te verseker dat daar voldoen word aan die vereiste sosiale afstand tydens onderrig/assessering.

2.2.2 Duidelik moet gegee word oor:

- die rooster vir die graad(grade) wat sal terugkeer skool toe;
- die getal leerders wat in klasgroepe toegelaat sal word;
- of daar 'n "botallige"-klas vir sekere graadvakke sal wees, en watter ander ruimte gebruik gaan word;
- wie mede-onderrig in die "botallige"-klas sal gee of die leer gaan behartig;
- professionele ontwikkeling om mede-onderrig of die behartiging daarvan mootlik te maak; en
- wie verantwoordelikheid sal aanvaar vir administratiewe en assesseringspligte in die "botallige"-klas.

2.2.3 Spesiale sorg moet getref word as onderwysers persoonlike kontak met leerders het tydens onderrig- en assesseringsprosesse – vermy aanraking.

2.2.4 Herorganiseer lesplanne en aktiwiteite om die deel van boeke/materiaal en die aangee van voorwerpe tussen mekaar te verminder.

2.2.5 Leerders moenie voorwerpe soos penne, liniale, sakrekenaars, ens. met mekaar deel nie.

2.2.6 Onderwysers sowel as leerders sal verantwoordelikheid moet aanvaar vir die reiniging van onderrig- en leermiddels.

2.2.7 Onderwysers moet verkieslik tussen klasse vir lesse beweeg eerder as wat daar van leerders verwag word om in die skool rond te beweeg na verskillende klasse toe.

2.2.8 Kommunikasie aan ouers/voogde moet die planne wat gemaak is om aan sosiale afstand te voldoen insluit, asook die strategieë wat geïmplementeer sal word om die risiko van Covid-19-blootstelling by die skool te verminder. Dit moet ook toegee dat strategieë moontlik kan verander as die vlak van gemeenskapsoordrag sodanig vergroot het dat die skoolprogram onderbreek moet word.

2.2.9 Prinsipale moet toesien dat daar onmiddellik opgetree word om 'n onderwyser te vervang wanneer daardie onderwyser of vrywilliger siek word.

2.2.10 Wanneer onderrig- en leeraktwiteite buite die klaskamer plaasvind, moet leerders aangemoedig word om uit te sprei.

2.2.11 Spoor leerder- en personeelafwesigheid na om tendense wat aangemeld moet word, te identifiseer.

3. Oorwegings wanneer toetse/eksamens afgelê of 'n PAT gedoen word

3.1 Elke leerder moet altyd 'n masker dra.

3.2 Maak seker dat daar genoeg handontsmettingshouers regdeur die lokaal is.

3.3 As daar genoeg ruimte is, rangskik sitplekke op so 'n manier dat leerders ten minste 1,5 meter van mekaar af sit.

3.4 Nadat assessering plaasgevind het, behou die name en kontakbesonderhede van alle leerders vir ten minste een maand. Dit sal openbare gesondheidsowerhede help om mense wat moontlik aan Covid-19 blootgestel kon wees, na te spoor, indien een of meer deelnemers kort na die assessering siek raak.

Bylae D - Oorwegings vir die beplanning van onderrig vir die res van die 2020-skooljaar